Lesson 8

**14 tot 20 November*

Opvoeding en verlossing

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Gen. 1:26, 27; Jes. 11:1–9; 2 Tim. 3:14–17; 1 Kon. 4:29–34; Joh. 14:17; 1 Kor. 2:1–16.

Geheueteks:

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid" *(2 Tim. 3:16).*

Die Bybel vertel 'n lang verhaal oor God en Sy volk. Soms word dit gereken as 'n liefdesverhaal wat skeef geloop het, al is dit ook net tydelik. Of dit word gereken as 'n verhaal van 'n vader en Sy rebelse kinders wat, uiteindelik, gehoor begin gee het. Maar vir die doeleindes van hierdie week se lesstudie sal ons 'n ander tema in die Bybelverhaal ontdek, naamlik, dié van 'n onderwyser en sy studente. Hulle druip voortdurend hulle toetse, maar hy verduidelik geduldig die les oor en oor, totdat sommiges dit uiteindelik leer.

Die Bybelverhaal is nie baie verskillend van ons eie menslike verhale wat ons so goed ken nie – behalwe vir een uitsondering. Die verhaal van God en Sy volk is verseker van 'n goeie einde, en dat dit sy doel bereik. Die volk se uitkoms word verseker deur Sy goddelike genade. Die menslike verantwoordelikheid is dikwels misverstaan in hierdie verhouding, terwyl dit selfs deur sommige mense gevrees word omdat hulle dit as iets neerdrukkend beskou. Die feit is egter dat die Bybelverhaal in sy kern 'n uitnodiging is om God te leer ken en Sy wil te verstaan. Dis inderdaad so dat ons eerste reaksie op Sy genade die feit is dat ons wil leer om Hom te ken. Ons kan nie sulke genade verdien nie, maar ons kan dit leer, en wat is Christen-opvoeding indien die kern daarvan nie die onderrig van hierdie genade is nie?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 21 November.*

Sondag

15 November

Na die beeld van God

Lees Genesis 1:26, 27 en Genesis 5:1, 3. Wat leer hierdie teksverse ons oor hoe God die mens oorspronklik geskape het en wat met die mensdom na sonde gebeur het?

Die frase "die beeld van God" het die ondersoekers van die Bybel al vir eeue gefassineer. Wat is hierdie beeld waarna die eerste mense geskape is? Byvoorbeeld, beteken dit dat God in 'n spieël gekyk het en Sy nuwe skepsels gemaak het om soos Hy te lyk? Of beteken dit dat die mens meer soos God is as enige ander vorms van lewe? Of verwys dit na 'n geestelike en intellektuele ooreenkoms en versoenbaarheid tussen die Skepper en Sy menslike skepping? Die Skrif bied ons nie enige presiese verduideliking van hierdie uitdrukking nie, alhoewel studente talle interpretasies uit die Skrif maak oor wat die moontlike betekenis daarvan kan wees. Ons kan egter sien dat hierdie beeld na die sondeval verander het, en daarom skryf Ellen G. White dat die doel van opvoeding is om die beeld van sy maker in die mens te herstel *(Opvoeding, pp. 14–16)*.

Hoe kan opvoeding so 'n merkwaardige doel bereik? Eerstens moet ons onthou dat God ons gemaak het om in 'n verhouding met Hom te wees, op soortgelyke wyse as wat ouers met hulle kinders het. Hy het ons na Sy beeld gemaak, net soos mense-ouers kinders het na hulle beeld *(Gen. 5:1),* sodat Hy ons kan laat groei om Sy kinders te wees wat aan Sy familie behoort; sodat Hy met ons kan kommunikeer en 'n volhoubare verhouding met ons kan hê. Die beeld van God is daarom eerder 'n geestesbeeld wat twee wesens in staat stel, een goddelik en die ander menslik, om 'n samevoeging van denke te bewerk. Dit is presies wat in opvoeding gebeur, eers tuis tussen ouers en kinders, en later by die skool wanneer onderwysers die taak van opvoeding verder neem. Klaarblyklik het God bedoel dat hierdie proses van opvoeding wat ons so goed ken toe Hy ons na Sy beeld gemaak het, ons moes onderskei van die talle ander lewensvorme. Hy het dit gedoen om ons te onderrig en sodat ons van Hom kan leer, totdat Sy beeld (Sy gees) in ons weerkaats word.

Die verlossingsplan is 'n opvoedingsverhaal van die skepping tot vleeswording, en van vleeswording tot herskepping. God is die onderwyser, en die hemel 'n skool vir alle ewigheid (lees Ellen G. White, *Opvoeding,* p. 301). Wat is die implikasies van hierdie gedagte vir ons toewyding tot Christelike opvoeding tuis, by die skool, kerk, univeristeit, en dwarsdeur die lewe?

Maandag

16 November

Jesus as onderwyser

Die Bybel gebruik heelwat terme om Jesus te beskryf. Hy is die Seun van God, die Messias, die Seun van die mens, die Verlosser, die Redder, die Here, die Lam van God, en nog meer. Maar vir daardie persone wat Hom die beste geken het gedurende Sy ongeveer drie jaar van openbare bediening in Judea en Galilea, was Hy ‘n onderwyser. Hulle noem Hom “Meester”, of “Rabbi”. Beide name beteken dieselfde: “onderwyser”. Die onderwysprofessie en die werk van onderrig moes daarom veral geskik gewees het vir Jesus om Sy openbare bediening uit te voer. Op ‘n sekere manier is Sy verlossingswerk soortgelyk aan dié van onderrig. Boonop is hierdie werk deur die evangelieprofeet voorspel.

Lees Jesaja 11:1–9. Wat openbaar dit aangaande die onderwysrol van Jesus?

_____

_____

_____

_____

Een van die verrassendste messiaanse pofesieë in die Skrif word gevind in Jesaja 11. In verse 1-3 word die komende Messias uitgebeeld in opvoedkundige terme, iemand wat kennis, raad, wysheid, en begrip bring. Die hele gedeelte sluit af met hierdie merkwaardige belofte: “Die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die seebodem oordek” (Jes. 11:9). Moontlik het skrifgedeeltes soos hierdie vir Ellen G. White geïnspireer in haar boek oor opvoeding om tot die gevolgtrekking te kom dat die werk van opvoeding en die werk van verlossing een en dieselfde is (lees *Opvoeding*, p. 30).

Lees Joh. 3:1–3. Nikodemus het Jesus as ‘n rabbi aangespreek, terwyl hy ook Jesus se gawes van onderrig geïdentifiseer het dat dit van God kom weens die tekens wat Jesus verrig het. Dit het Sy wonderwerke en Sy insig oor die betekenis van die lewe ingesluit. Al het Jesus dalk nie die titel wat aan Hom gegee is aanvaar nie, het Hy beslis erkenning gegee aan die oorsprong van Sy gawes van onderrig toe Hy aan Nikodemus verklaar het dat hy weer gebore moet word om die koninkryk van God te sien (of ingaan). Hierdie gedeelte bevestig dus dat die outoriteit om ander te onderrig, selfs in Jesus se geval, van God kom. Onderrig is beslis ‘n gawe van God. Dis ‘n opdrag van God, dit was deur Jesus aangeneem,

Watter rol speel ons in die vervulling van hierdie profesie oor die kennis van God wat dwarsoor die wêreld moet uitgaan?

Dinsdag

17 November

Moses en die profete

Lees 2 Timoteus 3:14–17. Wat leer hierdie teksverse ons oor die rol wat die Skrif speel in Christelike opvoeding?

Die woord vir die eerste gedeelte van die Bybel, die Torah, word dikwels vertaal as "die Wet", deels omdat daar so baie wette in hierdie boeke is. Maar Torah beteken eintlik "onderrigting" of "instruksie". Hierdie begrip is totaal anders van wat baie dink die "wet" in die Bybel is, naamlik reëls en regulasies wat ons moet navolg om in God se goeie guns te bly. Dis nie waar nie; die bedoeling van die wet is om te dien as onderrigmateriaal oor hoe om suksesvol en veilig in die verbondsverhouding met God te leef, soos Hy dit bedoel het toe Hy ons in die eerste plek geskape het.

Die volgende twee gedeeltes van die Hebreeuse Bybel, die profete, lewer verslag daarvan hoe goed God se mense hierdie onderrigmateriaal bemeester en daarvolgens geleef het (dit sluit voormalige profete en geskiedkundige boeke in). Wat was hulle veronderstel om van hierdie opvoedkundige materiaal te leer (nou sluit dit die latere profete in)? Die oorblywende gedeelte van die Ou Testament (ook genoem die "geskrifte" in Hebreeus) is vol voorbeelde van suksesvolle en minder suksesvolle onderwysers en studente en hulle opvoedkundige ondervindinge. Voorbeelde van suksesvolle opvoedkundige verhale sluit boeke in soos Ester, Rut, Daniël, en Job. Onder die mislukkings tel Job se vier vriende. Alhoewel die boek van Psalms 'n liedboek is, sluit dit ook ten minste drie opvoedkundige psalms in: Psalm 1, Psalm 37, en Psalm 73.

Die evangelie is vol materiaal wat bedoel is vir opvoedkundige doeleindes, veral in die gelykenisse van Jesus. Talle van Paulus se briewe skop af met 'n sterk evangeliese verklaring, maar eindig met opvoedkundige materiaal en praktiese lesse oor die daaglikse lewe vir Christene. Openbaring is ook vol opvoedkundige stof. Die hele onthulling en uitleg van die toekoms van Christus se kerk word in 'n boek geopenbaar. Hierdie boek kan slegs deur die Lam van God, Jesus – die Leermeester, oopgemaak word. *(Op. 5:1–5)*.

Sommige kan van mening wees dat nie alle leermateriaal in die boeke van Moses in ons hedendaagse tyd van toepassing is nie, en dis korrek so. Deuteronomium 17:14–20, die onderrig rakende konings, het besliste en duidelike opdragte oor die aanwys van 'n persoon wat die koningskap beklee. Vandag stel ons egter geen konings in ons kerk aan nie. Hoe bepaal ons wat die gepaste toepassing van al hierdie onderrigmateriaal in die Skrif vandag vir ons is?

Woensdag

18 November

Wyse manne en vroue

Die woorde skool, studeer en opvoeding word vandag baie goed verstaan, maar dit kom nie algemeen in die Bybel voor nie. Daar is een woord, wysheid/wys, wat baie meer algemeen voorkom. In die Ou Testament word daar byvoorbeeld melding gemaak van wyse manne en vroue *(2 Sam. 14:2, Spreuke 16:23)*.

Lees 1 Konings 4:29–34. Wat leer hierdie deel ons oor die belangrikheid van wysheid?

Koning Salomo word uitgesonder as 'n baie wyse man wat oor diere- en plantlewe gepraat het, en baie spreekwoorde met wysheid geuiter het; hy was 'n man met opvoeding *(1 Konings 4:29–34)*. Die boeke van Spreuke en Prediker bevat talle wyse leringe oor 'n verskeidenheid onderwerpe wat aan Salomo toegedig word, sowel as aan ander wyse onderwysers in bybelse tye *(Spreuke 1:1, Spreuke 25:1, Spreuke 30:1, Spreuke 31:1)*.

Volgens die Bybel is wysheid baie soos ons opvoeding van vandag. Dit is iets wat mens van ouers en onderwysers leer, veral in die jeugjare *(Prediker 12:1),* maar eintlik verkry mens wysheid jou lewe lank. Tweedens het wysheid oor die algemeen 'n praktiese kant ook; byvoorbeeld, mens kan van die miere leer om in die somer bymekaar te maak om sodoende genoeg vir die winter te hê *(Spr. 6:6–8)*.

En tog is wysheid (kennis) nie net prakties nie; dit het ook 'n teoretiese kant daaraan verbonde, want dit begin met geloof in God en volg dan sekere grondliggende beginsels *(Spr. 1:7)*. Wysheid, of kennis, help ons om verantwoordelik te leef en tot die voordeel van ander, en dit beskerm ons ook teen gevaar. En laastens, net soos hedendaagse opvoeding, beantwoord wysheid nie al die vrae wat ons het nie, maar stel dit ons in staat om tevrede te wees met wat ons weet, terwyl ons voortgaan in ons soektog na dit wat nog onbekend is. Dit is 'n goeie posisie van waaruit ons kan leer om God te ken en om op Sy genade te vertrou. Volgens Jeremia 18:18 word die rol van die wyse onderwyser as gelykstaande beskou met die rol van priester en profeet. Al drie dra boodskappe van God aan Sy mense oor in die vorm van instruksies oor die wet, opvoedkundige berading, en spesiale boodskappe van God.

Hoe kan ons wysheid leer en dit dan oordra aan hulle wat ná ons kom? Waarom is dit vir ons so belangrik as 'n volk om te doen?

Donderdag *19 November*

Opvoeding in die vroeë kerk

Een van die merkwaardige beginsels van opvoeding in die Skrif kom na vore wanneer Jesus, die Leermeester, voorbereidings tref om Sy studente, of dissipels, agter te laat. Hulle was nou al drie en ‘n half jaar saam met Hom, ongeveer dieselfde hoeveelheid tyd wat aan hoërskoolonderrig of universiteitsopleiding afgestaan word. Aan die einde van enige van hierdie periodes, afhangend van die persoon, word studente dikwels gereken om verder op hulle eie reg te kom.

Maar Jesus het van beter geweet, en dus maak Hy voorsiening vir voortgaande en deurlopende onderrig aan volgelinge onder die toesig van die Heilige Gees. Hierdie Onderwyser, of Gids, word op ander plekke geïdentifiseer as Trooster of Advokaat (in Grieks: *parakletos*), wat permanent aan die volgelinge van Jesus gegee sal word *(Joh. 14:16, 17)*. Hy word gereken as die Gees van Waarheid. Al word die Heilige Gees nie geïdentifiseer as ‘n opvoeder nie, is die werk van die Gees opvoedkundig, veral aangesien dit poog om die waarheid te soek en te vind.

Lees 1 Korintiërs 2:1–16. Wat sê Paulus hier wat so belangrik is in die konteks van opvoeding?

Paulus begin deur die kerk in Korinte daaraan te herinner dat hy aanvanklik met hulle gepraat het oor niks anders as Jesus Christus en Sy kruisiging nie *(1 Kor. 2:2)*—geen slim wyshede nie, slegs die verkondiging van die evangelie. Maar dit was nie die einde daarvan nie *(1 Kor. 2:6)*, want nadat die nuwe Christene eers tot volwassendheid gekom het, sou die apostel terugkeer om hulle in wysheid en kennis te onderrig, die dinge wat God verberg het voordat die wêreld begin het *(1 Kor. 2:7)*, selfs die dieper dinge van God *(1 Kor. 2:10)*. Alles sal onder die leiding van die Gees van God geleer word wanneer Hy in verbinding kom met die gees van die leerder.

Hoe diepgaande sal hierdie studie wees, en hoeveel van hierdie kennis sal beskikbaar wees vir diegene wat deur die Gees gelei word? Die hoofstuk sluit af met ‘n aanhaling van die profeet Jesaja: “Wie kan vir die Here vertel wat Hy moet doen? Wie is daar by wie die Here raad kan kom vra?” *(Jes. 40:13, DB)*. Die profeet wat met gewone mense van sy dag praat, sou kon sê dat niemand dit kan doen nie. Maar Paulus korrigeer daardie persepsie deur tot die gevolgtrekking te kom: “Maar ons het die sin van Christus”. Hiermee bedoel hy dat Gees-vervulde Christene toegang het tot selfs die Gees (of denke – NLV) van God, en daarom tot alle onderrig en begrip *(1 Kor. 2:10–13)* wat benodig sou word om die pad van geregtigheid te ken.

Vir verdere studie:

Die groot evangelie-opdrag *(Mat. 28:18–20)* word in werking gestel deur 'n merkwaardige godsdienstige beweging dwarsoor die hele wêreld. Hier is 'n paar apostels of sendelinge (dié twee woorde dra dieselfde betekenis-"hulle wat gestuur word") wat deur die hele wêreld gereis en studente bymekaar gemaak en dissipels van hulle gemaak het. Hulle is opgeroep om in Jesus te glo, hulle te doop, en dan voort te gaan om hulle al die dinge te leer wat Jesus hulle beveel het. Hier word 'n prentjie geskets van bekeerde Christene reg rondom die wêreld, wat verteenwoordig word deur 'n verskeidenheid kulture en verskillende tale, wat uit die doopwater kom en dan dadelik 'n leerskool betree waar hulle onderrig begin. Dis glad nie 'n verrassing nie, want hulle het nog so baie om te leer. Die rede waarom Christene voortdurend aan die leer is, is nie bloot intellektuele nuuskierigheid of 'n gretigheid om kennis te bemeester nie, maar eerder dat die Christelike lewe en geloof na elke sfeer van die daaglikse lewe deurdring. Daar is so baie om te leer.

Om hierdie rede bevat die briewe van die Nuwe Testament beide die verkondiging van Jesus (dikwels word dit in die Nuwe Testament genoem: *kerygma* [keh-RIG-ma]), en die opvoeding wat noodsaaklik is in alles wat Christene moet leer (in die Nuwe Testament word dikwels hierna verwys as *didache* [did-ah-KAY]). 'n Goeie voorbeeld van verkondiging, of bekendmaking, sien ons in 1 Korintiërs 2:2, terwyl onderrig en opvoeding in 1 Korintiërs 4 'n aanvang neem, en dan daarna aan en af in die res van die brief voortgaan. Wat moet Christene leer? Werk, rus, maatskaplike kwessies, verhoudinge in die gemeenskap, kerk en aanbidding, ekonomie, menseliefde (filantropie), verhoudinge met die owerhede, berading, familiestelsels, huweliksverhoudinge, kinderopvoeding, voedsel en die voorbereiding daarvan, kleredrag, selfs die ouderdom en voorbereiding vir die einde van die lewenspad (die dood), en beide jou persoonlike lewe en algemene lewe in hierdie wêreld.

Om 'n Christen te wees beteken om iets van al hierdie dinge te leer, en nog meer. Om 'n begrip van hierdie dinge te hê kom nie natuurlik nie. Dit moet aangeleer word.

Vrae vir bespreking:

1. Hoe belangrik is opvoedkundige werk vir die sending van die kerk?

2. Wat het Ellen G. White bedoel toe sy geskryf het "Die hemel is 'n skool" (*Opvoeding,* p. 301)?

3. Lees weer 1 Korintiërs 2:1–16. Let op na dit wat Paulus ons vertel aangaande dit wat God aan ons openbaar deur inspirasie. Dink oor sy aanspraak dat die heersers en wysheid/kennis van die tyd tot 'n einde sal kom. As hy dit destyds kon sê, wat dan van ons huidige "wysheid" ook?